SEWE LAGIE SLAAI

SEWE LAGIE SLAAI
1 blaarslaai, gewas en gebreek
1 ui, in ringe gesny
1 pak spekvleis, gebraai
1 pak sampioene, grof gekerf
1 koppie baby marrow, in ringe gesny
1 koppie Cheddarkaas blokkies
250 g gevriesde ertjies, net laat staan om te ontdooi
As jy klein kersie tamaties het kan jy dit ook insit vir kleur
Kan ook dun gesnyde gekookte eier mooi teen die kante van die bak pak om dit mooi te laat lyk

Neem ‘n mooi glas bak met hoe kante, sodat mens elke laag kan sien.
Pak alles in lae tot die bak vol is.
Sit ‘n dik laag mayonnaise of miracle whip bo-op al die lae, en gooi ‘n koppie gerasperde kaas bo-oor, jy kan ook nog gebraaide spek bo-op gooi.
Maak toe met kleefplastiek en laat oornag in die yskas staan.
Soos die mense opskep, gaan die mayo deur die hele bak slaai, dit is heerlik!